

# Toekoms wink vir tennisster van Pretoria

**Koos Venter**

Met die kleibaanaksie van die 2018 Franse Ope tennistoernooi nog vars in die geheue van tennisliefhebbers wêreldwyd, is daar 'n paar jong Suid-Afrikaanse seuns wat binnekort self die geleentheid gaan kry om hul tennisvermoëns op dié soort speeloppervlak te toets.

Die 14-jarige Francois van Wyk van Pretoria is een van die gelukkige seuns wat aan die einde van Juniemaand as deel van die Suid-Afrikaanse o.14-span na Noord-Afrika sal reis om deel te neem aan die Afrika Spankampioenskap vir juniors.

Dié tennistoernooi word in Tunisië aangebied en die span wat daar wen sal nie net as Afrika se beste gekroon word nie, maar sal ook aangewys word om die kontinent te verteenwoordig by die junior wêreldkampioenskap, wat in Augustus in die Tsjeggiese Republiek sal plaasvind.

Vir dié leerder van Hoërskool Waterkloof, wat tans Suid-Afrika se derde beste o.14-tennisspeler is, sal die toernooi gelukkig nie sy eerste kennismaking met tennis op kleibane wees nie. Hy was in April vanjaar deel van 'n groep spelers wat saam met Kobus Botha van Tuks Tennis na Spanje getoer het om daar aan toernooie deel te neem en kleibaantennis onder die knie te kry.

Botha is ook Van Wyk se afrigter en hy voorspel 'n rooskleurige toekoms vir dié jong speler, wat tans ook Suid-Afrika se top gekeurde dubbelspel speler in sy ouderdomsgroep is.



Francois van Wyk werk op die oomblik hard saam met sy afrigter aan sy vaardighede, nadat hy gekies is om as deel van die Suid-Afrikaanse o.14-span aan die Afrika Spankampioenskap vir juniors deel te neem. **Foto: Koos Venter.**

Van Wyk speel reeds tennis sedert hy vier jaar oud is. Sy ma, Lorraine, is 'n bekende in Gauteng-Noord tenniskringe en was self op haar dag 'n provinsiale speler.

Op laerskool het dié oud onderhoofseun van Laerskool Monumentpark ook in rugby en veral krieket uitgeblink. Dit het

daartoe gelei dat hy aan die einde van sy laerskoolloopbaan as dié skool se sportman van die jaar aangewys is.

Vroeër vanjaar, sedert die begin van sy hoërskoolloopbaan, het hy egter besluit om sy tennis in alle erns na die volgende vlak te neem.

By Hoërskool Waterkloof het hy gou die o.15 A-span gehaal en hy is tans dié skool se eerste gekeurde speler in dié ouderdomsgroep, terwyl hy ook die Gauteng-Noordspan op o.15-vlak verteenwoordig het.

Die ratverwyseling in sy tennisloopbaan het beteken dat hy vanjaar al aan nege toernooie deelgeneem het, wat amptelike toernooie van die Internasionale Tennis Federasie (ITF) insluit.

Van Wyk se twee enkelspeltitels en drie dubbelspeltitels in die eerste vyf maande van 2018 spreek boekdele vir die vordering in sy tennisloopbaan.

Een van sy enkelspel titels was in die gesogte Growthpoint Super 8-reeks, waar hy ná vyf toernooie tans tweede in die o.14-wedloop is.

Daar is geen twyfel dat Francois van Wyk in meer as een opsig reeds die merk van 'n toekomstige kampioen dra nie. Sy tennisloopbaan is reeds haarfyn beplan en hy werk hard om sy doelwitte noukeurig na te jaag en te behaal. Hoewel iets soos allergieë vir sommige sportmanne 'n struikelblok kan wees, sien Van Wyk dit byvoorbeeld as 'n bedekte seën, want dit dwing hom om nou reeds die regte eetgewoontes aan te leer.

Dié nederige seun is vasberade om nie net sy doelwitte as amateurspeler te behaal nie, maar ook eendag professioneel te speel. Hy droom al van glorie op die kleibane van Roland Garros in Parys, en om soos sy groot held, Rodger Federer, die tenniswaereld te verower.